| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 32 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   **AFDELING A:** Gedigte (30)
   **AFDELING B:** Roman (25)
   **AFDELING C:** Drama (25)
3. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord. Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
4. Beantwoord die vrae direk, bondig en relevant.
5. Beantwoord **VYF** vrae in totaal: **DRIE** uit **AFDELING A**, **EEN** uit **AFDELING B** en **EEN** uit **AFDELING C. OEFEN JOU KEUSES SOOS VOLG UIT**:

   **AFDELING A:** GEDIGTE
   GESIENE GEDIGTE – Beantwoord TWEE vrae.
   ONGESIENE GEDIG – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.
   **AFDELING B:** ROMAN – Beantwoord EEN vraag.
   **AFDELING C:** DRAMA – Beantwoord EEN vraag.
6. **KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**
   - Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG**.
   - As jy die literêre opstel in **AFDELING B** beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in **AFDELING C** beantwoord.
   - As jy die kontekstuele vraag in **AFDELING B** beantwoord, moet jy die opstelvraag in **AFDELING C** beantwoord.
   - Gebruik die kontrolelys om jou met die korrekte keuse te help.
   - Omkring die vrae wat jy beantwoord op die voorblad van jou antwoordboek.
7. **LENGTE VAN ANTWOORDE**
   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 200 tot 250 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae direk.
8. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.
9. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel van hierdie vraestel.
10. Beantwoord **ELKE** afdeling op ’n **NUWE BLADSY.**
11. Voorgestelde tydsindeling:

    **AFDELING A:** ongeveer 40 minute
    **AFDELING B:** ongeveer 55 minute
    **AFDELING C:** ongeveer 55 minute
12. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees:

| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. | *Susan Boyle* | Opstelvraag | 10 | 5 |
| 2. | *Elegie vir my toekomstige vrou* | Kontekstuele vraag | 10 | 6 |
| 3. | *Tsunami* | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. | *Maaltyd* | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| **EN** | | | | |
| **Ongesiene gedig: VERPLIGTE vraag** | | | | |
| 5. | *Things that go bump in the night* | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | | |
| 6. | *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| 7. | *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| 8. | *Branderjaer* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. | *Branderjaer* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 10. | *Donker web* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 11. | *Donker web* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | | |
| 12. | *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| 13. | *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |
| 14. | *My Japan* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| 15. | *My Japan* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |
| 16. | *Mis* | Opstelvraag | 25 | 29 |
| 17. | *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 29 |
| ***LET WEL:** Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG** in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | | |

| **KONTROLELYS** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het. | | | | |
| | **AFDELING** | **VRAAGNOMMER** | **GETAL VRAE BEANTWOORD** | **MERK ✓** |
| A: | Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–6 | 2 | |
| A: | Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 7 | 1 | |
| B: | Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 8–15 | 1 | |
| C: | Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 16–21 | 1 | |

**LET WEL:**

- Beantwoord **EEN OPSTELVRAAG** en **EEN KONTEKSTUELE VRAAG** IN AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.
- Moet **NIE** hierdie kontrolelys aan die ANTWOORDBOEK heg nie.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: *Susan Boyle* – Kobus Grobler

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die volgende langvraag.

**Susan Boyle** Kobus Grobler

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van *Britain's got talent*
aangeja soos 'n skaap
miserabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

*[Uit: Verse in my inboks, 2022]*

Hierdie gedig maak deurgaans van intertekstualiteit gebruik en skep 'n parallel tussen Susan Boyle en Christus.

Bespreek hierdie stelling in 'n literêre opstel van 200 tot 250 woorde. **[10]**

**EN / OF**

**VRAAG 2:** ***Elegie vir my toekomstige vrou*** **– André Letoit**

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Elegie vir my toekomstige vrou** Andrè Letoit

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
:dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd ’n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek
in jou oor fluister
“ek smaak jou” (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd –
my tydsberekening is altyd verkeerd)

maar uiteindelik
het ons tóg getrou; jy was
so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie
behalwe die dominee
en ’n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou: gawe mense, darem,
as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en
nie meer toptwintig
geluister nie;
ek het altyd gedog
ek was verlief op jou (hahaha!)
maar toe eers, toe vang ek
die hele triek:
alles gaan om skreeuende bybies
en kombuiskaste wat piep
en die huwelik is 'n duur prys om te betaal
vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek

*[Uit: Suburbia, 2011]*

2.1 As wie is digter en liedjieskrywer André Letoit ook bekend? (1)

2.2 Bespreek die ironiese kontras in die titel van die gedig. (1)

2.3 Haal twee opeenvolgende versreëls aan wat sinestesie bevat. (1)

2.4 Noem wat Jan van Riebeeck en Oom Paul met die spreker in gemeen het EN verduidelik waarom die spreker voel dat sy tydsberekening verkeerd is. (2)

2.5 Dit is duidelik dat die spreker 'n onkonvensionele karakter is. Bespreek enige TWEE aspekte uit die gedig wat hierdie stelling motiveer. (2)

2.6 Wat is die tema van die gedig? Stem jy saam met die spreker se siening? Motiveer jou antwoord breedvoerig. (3)

**[10]**

**EN / OF**

## VRAAG 3: *Tsunami* – Kobus de Wet

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Tsunami** Kobus de Wet

*11 Maart 2011*

toe die aarde se kors in twee skeur
het eoniese kragte die oseaan gelig
en woedend maar dodelik sekuur
het die watermonster met volle mag
op weerlose wesens afgestuur ...

vergeefs is vervaard geskarrel
om voor die sissende serpent
van verwoesting te ontkom
want duisendtalle het soos oggendmis
in hul geliefde nippon
onder die water en puin
                    verdwyn

weke lank het die monster se ingewande
nog van oordadigheid gerammel
toe traag maar tevrede
na die dieptes teruggetrek

*[Uit: Toetrede, 2017]*

3.1 Bespreek die datum onder die titel binne die konteks van die gedig. (2)

3.2 Noem die verskynsel wat gewoonlik ’n tsunami veroorsaak. (1)

3.3 Benoem EN dui die halfrym in versreël 5 aan. Bespreek ook die funksie van die gebruik daarvan. (3)

3.4 Lewer kommentaar op die inkeping van die woord “verdwyn” in reël 12. (1)

3.5 Waarna verwys die “ingewande wat rammel” in reël 13 en 14? (1)

3.6 Bespreek die verskil in tempo tussen strofe twee en strofe drie aan hand van voorbeelde uit die gedig. (1)

3.7 Dink jy die afwesigheid van leestekens in die gedig is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**EN / OF**

## VRAAG 4: *Maaltyd* – P.J. Philander

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Maaltyd** **P.J. Philander**

Ou moeder met haar hoepelrokkie
en stywe kappie, staan hande gevou
in die vorm van ’n koperklokkie
vir smôrens, smiddags en vir nou.

Die blou bord en die skoon servet,
die helder bril, die Bybel oop,
en teen die hoë muur haar groot portret
hou my aan haar steeds vasgeknoop.

En op die gladde, blink buffet,
glimmend in die skerp lig van die lamp,
skyn sy nou in die seëngebed,
leef sy nou in die wasige damp.

Sy was eers goud, heel later silwer,
nou’s sy koper waar sy staan,
maar met elke lui dan skilfer
af ... die grasgroenspaan.

*[Uit: Uurglas, 1955]*

4.1 Waarom, dink jy, is hierdie titel gepas binne die konteks van die gedig? (2)

4.2 Waarvan is die goue klokkie ’n simbool? (1)

4.3 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit strofe 3 aan wat direk by die titel aansluit. (1)

4.4 Bespreek die uitbeelding van die regressie van die spreker se herinneringe in reël 13 en 14. (3)

4.5 Haal TWEE bewyse uit die gedig aan wat die moeder se netheid uitbeeld EN bespreek hoe die bou van die gedig hierdie netheid ondersteun. (3)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

### VRAAG 5: *Things that go bump in the night* – Rosa Kreet

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Things that go bump in the night** Rosa Keet

jy los my alleen
in 'n huis vol geluide
en hoe minder ek probeer luister
hoe harder klink die klank
van 'n onbekende voetstap
op die donker trap
bang vaak verdwaal ek laat
in die gange op soek
na slaap
wat om elke naghoek verdwyn
ek skrik
vir die naaldekokerstraatlig
deur skaars bewegende blare
jou jas aan die kapstok
is 'n man sonder bene
ek is bang
vir die stofsuierslang
op die vloer van die spens
en tot jy terugkom
sleep ek my vlees
soos 'n kis agter my aan

*[Uit: Hysteria,1974]*

5.1 Aan wie word hierdie gedig gerig? (1)

5.2 Verduidelik waarom die spreker se slaap kort-kort in die gange verdwyn. (1)

5.3 Benoem EN verduidelik die beeldspraak wat in versreël 14 en 15 voorkom. (2)

5.4 Waaruit kan ons aflei dat die spreker nêrens in die huis veilig voel nie? (1)

5.5 Lewer kommentaar oor die gebruik van die vergelyking in reël 20 en 21. (2)

5.6 Kan jy met die spreker identifiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

5.7 Waarom, dink jy, is die gebruik van die Engelse titel gepas? (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

# AFDELING B: ROMAN

## *ONDERWÊRELD* – FANIE VILJOEN

### INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 6 (opstelvraag) **OF** Vraag 7 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling C beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – LITERÊRE OPSTEL

In die roman kom Greg in opstand teen gesag. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde deur te verwys na die gesagstrukture in sy huis en Lawson Kollege.

**TOTAAL VRAAG 6: [25]**

**OF**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAE

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord die vrae wat op elkeen volg.

**TEKS A**

Ek gaan dump die mails in ’n dead drop, een van die gratis FTP sites iewers in China. Net soos Eckardt ook gemaak het met die hacking toolbox op sy website.

Oukei, teken nou af.

Nee, keer die onderwêreld se stem in my agterkop. Daar is nog iets wat jy moet doen. Detail, onthou. Die email archive. Daar sal dalk ander encrypted mails ook wees. Ek soek vir ’n .pst file. Kry dit. Download die hele archive. Almal encrypted mails, sien ek. Maar daar is nie nou tyd om dit te lees nie.

Nou gaan ek afteken.

Nee! skree die stem uit die onderwêreld. Nog nie genoeg nie. Wat het hy nóg op sy rekenaar?

Ek voel sweterig. My oë stokstyf in my kop. Ek dump nog ’n klomp files wat op sy hardeskyf lê. Wie weet, daar is dalk iets interessant.

Teken af! Teken af! roep ’n binnestem.

Met vreesbevange oë hou ek die download-venster dop. Die download bar sukkel voort. Gaan staan. Nee! Moenie! Nie nou nie.

Adrenalien pomp. My vingers kramp om die tafelblad. Asof dit die

download gaan aanhelp.

Geluidloos verskyn nog ’n kerfie op die download bar. Dis beter. Hy loop weer. Stadig, nader, nader aan 100%.

’n Vreemde kreun kom uit my keel.

“Komaan!”

Klaar.

Die download-venster verdwyn.

Asem uit.

Afteken. Nou!

Nee.

Die muis begin vanself beweeg oor die skerm. ’n Program maak oop.

Ek kyk met ingehoue asem. Dit voel of my hart ’n speed wobble gestrike het …

Dok is voor sy rekenaar!

*[Uit: Onderwêreld, 2023, bl. 123-124]*

7.1 Waarmee is Greg in hierdie uittreksel besig? (1)

7.2 “Detail, onthou.” (Reël 6)

Bespreek waarna hierdie aanhaling tans verwys EN die konteks rondom sy herinnering. (2)

7.3 Lees reëls 23 tot 29. Bespreek die stemming EN die tegniek wat gebruik word om hierdie stemming te skep. (2)

7.4 Verduidelik waarom Greg in reël 26 verligting ervaar. (2)

7.5 Watter gebeurtenis EN gevolg het Greg se optrede in hiérdie teks aan die rol gesit? (2)

7.6 Watter tipe konflik ervaar Greg in hierdie teks? Bespreek dié konflik EN die progressie in intensiteit van hierdie konflik (4)

7.7 Dink jy, as jy Greg se situasie in ag neem, dat hy in hierdie teks reg optree? Motiveer jou antwoord. (1)

**[14]**

**EN**

**TEKS B**

… het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi. Met al daardie dokumente wat jy vir die polisie gegee het, is dit net 'n hop, skip en 'n jump verder en hulle kom arresteer jou pa ook vir sy aandeel in Project Nursery Rhyme."

Die oomblik is soos 'n reuse golf wat my alleen op 'n strand kry, oor my breek, my platvee, uitmekaarruk. Só voel dit 'n ruk lank, maar dan is dit asof dieselfde brander my weer regop trek, of sy krag in my lyf begin opstoot; my 'n uitlaatklep gee vir my woede.

En toe ek sien, is Eckardt op die grond. Met my vuiste wat hom tref. In die gesig. Bloed oor my hand. Hy keer, stamp my van hom af. Ek val met my rug teen een van die groot ysterpotte voor die galery se deur. Byt op my tande teen die seer. Nou is Eckardt by my. Sy houe tref eers my bors, dan my gesig. Pyn skiet deur my kop. Ek het lus en lê net daar dat hy my doodmaak. Dit voel amper vir my of ek dit verdien omdat ek my pa, my eie pa, op só 'n manier in die steek gelaat het. Ek voel hoe die bloed uit my neus stroom. Ek proe dit op my lippe, sien die nat rooi kolle op my klere wat aan my lyf kleef.

Eckardt is sterker as wat ek gedink het. Watse woede is in hom? Wat lê agter daardie vuishoue?

*[Uit: Onderwêreld, 2023, bl. 183-184]*

7.8

7.8.1 Kies die korrekte antwoord:
Watter karakter het Greg se pa en Dok Pienaar onderskeidelik in die Project Nursery Rhyme gevul?

A Die Butcher en die Baker
B Die Baker en die Candlestick-maker
C Die Butcher en die Candlestick-maker
D Hulle was glad nie deel van die projek nie. (1)

7.8.2 Hoekom is Greg se pa die perfekte persoon om sý rol in Project Nursery Rhyme te vul? (2)

7.9 Verduidelik hoe reël 2 by die vorige teks aansluit. (2)

7.10 Watter emosie ervaar Greg in reël 5 en 6? (1)

7.11 Noem enige DRIE redes waaroor Greg hierdie emosie waarna in VRAAG 7.10 verwys word, ervaar. (3)

7.12 In reël 18 en 19 vra Greg vrae. Beantwoord hierdie vrae EN motiveer waarom jy simpatie met Eckardt het. (2)

**[11]**

**TOTAAL VRAAG 7: [25]**

## ***BRANDERJAER* – JOHA VAN DYK**

**INSTRUKSIES**

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 8 (opstelvraag) **OF** Vraag 9 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling C beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### **VRAAG 8: *BRANDERJAER* – LITERÊRE OPSTEL**

Karakterisering kan op verskillende maniere in ’n roman plaasvind. Die gebruik van byname vir die Jaers in *Branderjaer* dra by tot hulle karakterbeelding.
Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde EN bespreek hoe Louw se toekomsbesluit sy bynaam ondersteun.

**TOTAAL VRAAG 8: [25]**

**OF**

### **VRAAG 9: *BRANDERJAER* – KONTEKSTUELE VRAE**

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord die vrae wat op elkeen volg.

**TEKS C**

Jak sou haar ’n lost cause noem - een van daai meisies wat nooit gecharm kan word nie. Hy dink aan hoe Kruger amper-amper haar oë wou rol, maar tog aan die einde ingegee het met ’n glimlag. Hy ken al haar truuks, maar hy het nie dié een voorsien nie. Hiérdie match is nie voorgestel uit die goedheid van haar hart nie.

Die donkerkop vernou haar oë, sy kruis haar arms oor haar bors en haar lang vlegsel vee oor haar nek. Haar groen irisse blits met elke oomblik wat hulle in die gang staan - groen soos Stellenbosch se eikebome. Moes Kruger hom nou juis met die moeilikste graadelf opsaal? Sy’t die tipe kyk waarop Medusa jaloers sou wees. Louw trek sy foon uit sy broeksak.

“Oukei, kan ek jou nommer kry?”

“My nommer?”

Hy hou die foon uit. “Sodat ons oor die werk kan praat?”

“Ja, obviously, ah ...” Sy tik haar nommer in, maar voor sy kan vlug, het Louw weer haar mou beet. Sy is so jumpy.

Wat is dit met haar weghardlopery? 'n Flight risk, dis wat Ellis sou sê. Soos een van daai diertjies in die veld wat Ellis altyd probeer "red" het - elkeen van hulle het weggeloop. Ellis se pa het altyd gesê: "Hulle's wild, seun. Jy kan hulle in jou tuin hou, maar die veld roep hulle altyd terug."

Weer kyk Deidre afwagtend na hom en Louw besef skielik hy hou nog steeds haar mou vas.

*[Uit: Branderjaer, 2020, bl. 17-18]*

9.1 Wie is Kruger EN watter truuk het sy op Louw getrek? (2)

9.2 Wat bedoel Louw met reël 6 en 7? (2)

9.3 Wat kry Deidre en Louw onderskeidelik uit hierdie reëling uit? (2)

9.4 Waarom is dit belangrik dat Deidre goeie punte moet kry? (2)

9.5 Bespreek Deidre se reaksie in reëls 8 tot 10. (2)

9.6 Verduidelik die beeldspraak wat in reël 21 en 22 voorkom volledig. (2)

9.7 Bespreek die ironie van Ellis se pa se woorde in reël 23 en 24. (1)

9.8 Lewer kommentaar op die vooruitskouing wat in die laaste sin opgesluit lê. (2)

**[15]**

**EN**

**TEKS D**

“Moet ek jou na Mieke se huis toe vat?” sug hy, sy neus huiwer teen hare.

“Nee.” Die woord glip onmiddellik uit en Louw wag. Net-nou is dit ’n fout. Hy moet oor ’n paar uur in ’n bakkie klim en by hierdie dorp uitry. Hy gaan haar moet agterlaat. Dit moes ’n fout wees. Sy kon dit nie bedoel nie ...

Maar ’n oomblik later is dit net die branders wat die kus tref en die seewater en Deidre en haar lippe. Sy vingers knoop in haar hare, klam en krullerig, die spasie weg tussen hulle toe sy hom terugsoen en sy hart teen sy ribbes baklei.

“Een van die dae is ek klaar met hierdie dinge. Klaar met alles. Dan gaan ons aan. Dan is dit die res van ons lewens. Oukei?” Hy vee ’n donker lok weg van haar wang en sy mond versag, die terg weg vir ’n oomblik. “Jy weet ek’s lief vir jou, nè?”

Sy hart hardloop en steier terselfdertyd. Hierdie is wat die flieks probeer regkry. Wat die tekste probeer vasvang. Wat hy op die verhoog probeer namaak. Wat Jak overrated noem, maar dis nie overrated nie. Dis só underrated. Iemand moes die kamer aan die brand gesteek het, want hitte skiet deur sy lyf en dis of alles anders verdwyn behalwe ... sy.

“Ek’s lief vir jou,” fluister sy en die woorde lê tussen hulle, dryf in die lug en skielik is daar nóg.

Deidre Anker is sy laaste geheim.

**[BLACK OUT]**

*[Uit: Branderjaer, 2020, bl. 305-306]*

9.9 Bespreek hoe TEKS D die vooruitskouing waarna verwys word in VRAAG 9.8, ondersteun. (1)

9.10 Verduidelik na watter “dinge” Louw in reël 11 verwys. (2)

9.11 Wat is Louw se toekomsdroom EN watter sin in die teks ondersteun jou antwoord? (2)

9.12 Bespreek enige TWEE ander geheime waarmee Louw moes saamleef. (2)

9.13 Lewer kommentaar op die gepastheid van reël 25 as die einde van die roman. (2)

9.14 Met watter karakter in hierdie roman kan jy identifiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**TOTAAL VRAAG 9: [25]**

© SACAI KOPIEREG

## *DONKER WEB* – FANIE VILJOEN

### INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 10 (opstelvraag) **OF** Vraag 11 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling C beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 10: *DONKER WEB* – LITERÊRE OPSTEL

"Die ou wat wil wraak neem, moet twee grafte grawe."

Bespreek hierdie aanhaling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde deur te verwys na karakters en gebeure in die roman *Donker web*.

**TOTAAL VRAAG 10: [25]**

**OF**

### VRAAG 11: *DONKER WEB* – KONTEKSTUELE VRAE

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord die vrae wat op elkeen volg.

### TEKS E

Ek ys. Nou weet ek wat fout is. ’n Vloekwoord wil oor my lippe ontplof.

Hy pluk my ander hand nader. Vee die selfoon oor die plek tussen my duim en voorvinger.

Niks gebeur nie.

Sy kop ruk op. Blitse in sy oë. "Jy’t vir my gelieg."

Uitgevang! Die transponder moes seker die selfoon oopsluit.

"Waar is dit?"

Ek weet nie wat om te antwoord nie.

Hy kyk weer na my hande, na die plek waar die letsel moet sit, trek die vel styf. Die transponder-stafie sou onder die vel gewys het. "Om te dink ek het jou getrust, Greg. Die donner weet, jy’s net soos jou pa."

"Ek is jammer, Xander."

"Asof dit gaan help," sê hy sarkasties. "Jy het na my toe gekom vir hulp. Nie ek na jou toe nie."

"Hoe kan ek dit regmaak? Noem jou prys."

"Geld beteken niks vir my nie."

"Gee my ’n bedrag. Enigiets."

"Jy is duidelik doof. Van ’n *salak*. ’n Idioot." Xander begin weg-

© SACAI KOPIEREG

stap, druk een van die toeriste uit die pad. Sy kyk hom vies aan.

“Komaan, Xander, laat ons eers praat.”

“Ek praat nie. Ek doen!” roep hy oor sy skouer. “Die deal is af. Geniet jou vakansie in Turkye.” My oë volg hom terwyl hy met die loopgang tussen die mense verdwyn. Iewers drup-drup die water steeds in die Versonke Paleis. Soos my kanse om die Baker te kry ook wegsypel.

Die teleurstelling, die teleurstelling.

En die besef: Nou is ek en Plank op ons eie.

*[Uit: Donker web, 2020, bl. 161]*

11.1 Wie is die verteller in hierdie teks EN waarom is hy so ontsteld? (2)

11.2 Watter tegniek word in reël 5 tot 7 gebruik om skok en ontsteltenis uit te beeld? (1)

11.3 Vertel die agtergrond rondom die “transponder” EN hoe Xander in hierdie teks die waarheid ontdek het. (3)

11.4 “Die donner weet, jy’s net soos jou pa." (Reël 12 en 13)

Wat bedoel Xander met hierdie woorde? (1)

11.5 Haal ’n sin uit die teks aan wat wys dat Xander nie dieselfde waardes as Greg se pa gehad het nie EN noem watter karaktereienskap Xander van Greg vereis. (2)

11.6 In watter gebou vind hierdie gesprek plaas? (1)

11.7 Benoem EN bespreek die beeldspraak wat in reël 26 voorkom. (2)

11.8 Lees reël 28 en 29.

11.8.1 Hoe word die emosie wat Greg ervaar, beklemtoon? (1)

11.8.2 Wat impliseer reël 29 nou vir Greg en Plank? (1)

**[14]**

**EN**

**TEKS F**

Nog inligting duik op. “Sy latere beroep,” sê Ayla. “Die weermag. Eers die militêre hospitaal, later betrokke by spesiale projekte. Koverte operasies.”

“Jy bedoel by Project Coast?” vra ek.

“Moontlik.”

Nog ’n openbaring: gifstowwe. Ons verbind dit met die dooie diere. Is daar ’n verband? Het hy daardie diere op die plaas vergiftig? Het dit hom ’n kick gegee?

“’n Adres,” sê Xander. “Ons kort ’n adres. Ons weet hy is in Venesië. Maar waar?”

Talle pogings om sy blyplek op te spoor, lewer niks op nie.

“Dan moet ons die Baker self vind,” sê Xander. Sy oë word donker soos hy dink.

“In Venesië?” vra ek en stik byna. “Tussen al die duisende mense? Wil jy hê ons moet die ou tussen almal van húlle kry?”

“Dit behoort nie moeilik te wees nie,” sê Xander.

Ek skud my kop in ongeloof. “Dis soos om ’n pieksel van ’n sandkorrel op Google Earth te soek.”

“Jy oordryf, G-4ce.”

Oom Dirk frons vir die naam. Ek help hom nie, probeer net uitwerk wat Xander beplan. Hy is altyd ’n paar skuiwe vooruit, soos hy sê.

“Nou praat met ons, genius,” daag ek hom uit. Hy hou daarvan. “Hoe kry ons daardie poster boy vir pyn tussen al die mense in Venesië?”

Xander trek sy oë op skrefies. Sy blik beweeg oor die foto’s, notas, toutjies, die onbeantwoorde vrae. Uiteindelik steek dit vas by die Baker se foto in die middel. Hy lig ’n wenkbrou. “Ons maak soos Taylor Swift maak.”

*[Uit: Donker web, 2020, bl. 313]*

11.9 Wie is Ayla EN van wie word hier gepraat? (2)

11.10 Wie is die ander persoon wat ook deur Greg verdink is? Waar het Greg hierdie vorige verdagte ontmoet EN waarom kon hierdie verdagte moontlik die Baker gewees het? (3)

11.11 Lees reëls 14 tot 16. Bespreek waarom dit vir Xander moontlik is om te glo dat dit nie moeilik sal wees om die Baker op te spoor nie EN hoe dit by die titel van die roman aansluit. (2)

11.12 Watter karaktereienskap van Xander word deur reël 19 uitgebeeld? (1)

© SACAI KOPIEREG

11.13 "Ons maak soos Taylor Swift maak." (Reël 28 en 29)

Bespreek hierdie stelling EN hoe dit die twee seuns in hulle soektog gehelp het. (2)

11.14 Dink jy Xander en Greg moet voortgaan met hulle soektog? Wat sou jy gedoen het as jy een van hulle was? (1)

**[11]**

**TOTAAL VRAAG 11: [25]**

**TOTAAL AFDELING B: [25]**

# AFDELING C: DRAMA

## *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – ADAM SMALL

### INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 12 (opstelvraag) **OF** Vraag 13 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling B beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 12: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – LITERÊRE OPSTEL

Map Jacobs ondergaan groei as ’n karakter in hierdie drama. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde die groei wat plaasgevind het en watter rol verskeie ander karakters in hierdie proses gespeel het.

**TOTAAL VRAAG 12: [25]**

**OF**

### VRAAG 13: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAE

### TEKS G

RICHIE: Hê, wie’s nou sweet op haar? …
CYRIL: Fok-off, man!
TOMMY: Shut up, shut up! Ek sê vir julle Map is ’n ge-change-de man!
CYRIL: Fok-off jy oek! Het jy nou skielik nerves oor Map? Ek hoor hy’s gou bytekant, nog net ’n paar dae …
RICHIE: Die storie lê hier rond ...
TOMMY: So wat daarvan?
CYRIL: Ja, so what!? *(Hy lag.)* ... Wanner?
TOMMY: Die sewende ...
CYRIL: Aha!
*Hulle speel.*
RICHIE: *(aan Tommy):* Wat sê Antie Grootmeisie, ek mien, jy’s mos in daar by hulle ...
*Hulle speel. Tommy is besig met sy ware.*
CYRIL: Silence is golden, hê?
TOMMY: Jy wiet sy kannie praat nie.
RICHIE: Okay, moenie so touchy wies nie!
*Hulle speel. Dan verskyn Cavernelis met sy fiets, weer op pad huis toe ná een van sy uittogte met die soft goods. Hy huiwer wanneer hy verby kom.*

CYRIL: Hie' kom die ou vrek! *(Stilte.)* Weer overtime, ja! Skaars by die hys van sy job af, dan's hy al weer weg op sy bike, met die soft goods, tot Sondae oek ... Géld! Hoegdrawende ou stront!

TOMMY: Laat staan die man, dis nie ons biesagheit nie!

*Cavernelis wil net van sy fiets af, dan praat Cyril.*

CYRIL: *(skoorsoekerig):* Is mister Cavernelis darem t'rug? Weer by die hys?

CAVERNELIS: Ja. *(Half van sy fiets af.)*

CYRIL: Hoe's die biesagheit, mister Cavernelis? Okay?

CAVERNELIS: Ja. Maar gee tog pad, asseblief …

CYRIL: Ek sien mister Cavernelis, en Blanchie oek, en missies Cavernelis, julle ammal slyt julle deur so elke keer agter julle toe, soes julle kom en gaan. Trust julle dan nie die mense hier in onse area nie?

*[Uit: Krismis van Map Jacobs, 2018, bl. 19 en 20]*

13.1 Lees reël 5. Waar bevind Map homself EN waarom het die mense "nerves" oor sy terugkeer? (2)

13.2 Lees reël 7.

13.2.1 Na watter storie verwys Richie? (1)

13.2.2 Bespreek die funksie van die ellips. (1)

13.3 Herlees reël 10.

Die syfer "sewe" speel in hierdie drama 'n belangrike rol. Bespreek TWEE simboliese betekenisse van die syfer "sewe" in die drama. (2)

13.4 Verduidelik Cyril se woorde in reël 16 EN bespreek wat moet gebeur om hierdie "silence" te breek. (3)

13.5 Waarom, dink jy, huiwer Cavernelis in reël 21? (1)

13.6 Reël 22 tot 25.

Waarom werk Cavernelis so hard? Hoe weet jy dat sy harde werk nie suksesvol is nie? (2)

13.7 Hoe sluit reëls 33 tot 36 by die tema van die drama aan? (2)

**[14]**

**EN**

© SACAI KOPIEREG

**TEKS H**

CYRIL: *(aan Richie):* Spéél, wat stáán jy so …

RICHIE: Ek het julle mos gesê, hy's skaars t'rug, of die hele fokken wêreld hierso is weer gemaak en gebriek! 'Is sy ou stryk …

CYRIL: Okay, man, Blanchie was nooit vir jou ge-bedoel nie, so los nou jou crush op haar …

RICHIE: Gwaan voetsêk, wat se crush het ek op haar? …

TOMMY: Okay, man …

RICHIE: *(aan Tommy):* Vryf jy jou fokken ringe, man! *(Geniep-sig, want hy weet Tommy óók het 'n "crush" op Blanchie.)*

CYRIL: Julle's darem op julle nerves, jong!

RICHIE: *(aan hulle almal)*: Los my yt! Wat neuk julle moet my!? *(Hy smyt sy stok neer, en lóóp.)*

TOMMY: Strange ...

CYRIL: Oek nie so strange nie ...

TOMMY: So Richie het allie tyd só ... gevoel oor haar, nè? Well, I never ...

CYRIL: Smaak jy vir speel?

TOMMY: Nei, man, anner keer ...

CYRIL: Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ...

TOMMY: Ek oek ... Anyway ... Maar 'is seker nie onse biesagheit nie ...

CYRIL: (*lag*): 'Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard!

*Die lig verander. Doof uit.*

*Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend.*

*Op 'n afstand van mekaar.*

BLANCHIE: *(bewend):* Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy ... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! *(Sy skreeu.)*

MAP: *(staar):* Blanchie ...

BLANCHIE: Johnnie! Dis daddy!!

MAP: (probeer haar kalmeer): Hê, Blanchie … Lyster nou eers … Blanchie …

BLANCHIE: *(snik, praat dan):* Daddy! … Johnnie … hy word nooit so nie.

*[Uit: Krismis van Map Jacobs, 2018, bl. 58 en 59]*

13.8 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Richie se woede in reëls 2 tot 4 word veroorsaak deur sy afkeur in Map se terugkoms wat, volgens Richie, kan beteken dat Map weer gaan "maak of breek" soos vóór sy tronkstraf. (1)

13.9 Haal 'n bewys uit die teks aan wat dui op die mense se twyfel oor Map se karakterverandering. (1)

13.10 Bespreek wat Cyril met sy woorde in reël 21 bedoel EN hoe hierdie situasie tot Cavernelis se dood bygedra het. (4)

13.11 Reëls 22 en 23.

Verduidelik hoe ons weet dat Tommy se woorde en dade nie altyd ooreenstem nie. (1)

13.12 Map staan by Blanchie aan die einde van die teks, maar sy spreek hom as Johnnie aan. Hoe verteenwoordig hierdie twee name die verskillende stadiums van Map se lewe? (2)

13.13 Volgens Tommy in TEKS G is Map 'n veranderde man. Bespreek hierdie verandering EN waarom jy dink dat hierdie verandering eg is, of nie. (2)

**[11]**

**TOTAAL VRAAG 13: [25]**

**OF**

© SACAI KOPIEREG

Blaai asb. om

## *MY JAPAN* – SCHALK SCHOOMBIE

### INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 14 (opstelvraag) **OF** Vraag 15 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling B beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 14: *MY JAPAN* – LITERÊRE OPSTEL

Kultuur en stereotipering het ’n beduidende invloed op Ilse se besluite in ***Op die planke: My Japan***. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400 tot 450 woorde EN hoe ’n tragedie hierdie stereotipering aan haar geopenbaar het.

**TOTAAL VRAAG 14: [25]**

**OF**

### VRAAG 15: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAE

### TEKS I

| | |
|---|---|
| JUFFROU VENTER: | *(draai na Elzette en Ilse)* Toe, wat sê die buitestanders? |
| ILSE: | Ek, Juffrou? |
| JUFFROU VENTER: | Wat het julle gesien? |
| ILSE: | Stofwolke, Juffrou |
| | *Die meisies lag.* |
| ILSE: | Hulle baklei oor Gerrit seer voel omdat hy nog nie met meisies te doen gehad het nie, jy weet ... |
| GERRIT: | *(aan Ilse)* Het jý al, Worshond? |
| LINDA: | *(kyk na Elzette)* Vra eerder vir Zombi-girl. |
| | *Meisies giggel. Elzette gluur hulle aan.* |
| JUFFROU VENTER: | Gee haar kans. Hoekom sê jy dit, Ilse? |
| ILSE: | Sonder testosteroon was die wêreld ’n vreedsamer plek, Juffrou. |
| WIM: | Miskien moet jy Japan toe waai, Muisnes. |
| JUFFROU VENTER: | Nie nodig om beledigend te raak nie, Wim. |
| ILSE: | Sodra ek my matrieksertifikaat het. |
| LINDA: | Sy wil Engels gee vir die Japsnesies, nes haar niggie. |
| JUFFROU VENTER: | Dis tog goed om te reis, ander lande en kulture te ervaar. |
| LIDIA: | My pa sê die breindrein is sleg vir die land. |

| | |
|---|---|
| LUKAS: | Dis nou as jy 'n brein het om te drein. |
| ELZETTE: | Hoor wie praat! Mossiebrein. |
| LUKAS: | Hei julle, die Goth se tong is terug! |
| JUFFROU VENTER: | Oukei, genoeg mense. Julle is almal goed opgevoed, julle mik vir onderskeidings. Maar ons kan gerus praat oor verdraagsaamheid. |
| LIDIA: | Juffrou, my pa sê hy kan almal verdra behalwe gekke en dwase. |
| JUFFROU VENTER: | Wie's gek en wie's dwaas? |
| GERRIT: | Ek ken 'n hele paar van albei. *Die seuns lag onderlangs.* |
| JUFFROU VENTER: | Ons ken almal mense wat nie mooi optree soos ons wil nie. Ons praat nou oor sosiale norme. Normaliteit kom van norme. Ons wil almal dink ons is normale mense. |
| ILSE: | Wie besluit wie is normaal? |
| JUFFROU VENTER: | Goeie vraag, Ilse. |

*[Uit: My Japan, 2016, bl. 34 en 35]*

15.1 Bespreek EEN verskil en EEN ooreenkoms tussen Ilse en Elzette. (2)

15.2 Herlees reël 2.

Waarom, dink jy, is dit veelseggend dat dit die onderwyser is wat na Ilse en Elzette verwys as buitestanders? (2)

15.3 Wat word die skuinsgedrukte woorde in reël 11 genoem EN bespreek die funksie van hierdie woorde. Gee ook die naam van die groep meisies wat giggel. (3)

15.4 Herlees reël 24 tot 25.

Benoem die soort konflik in hierdie reëls EN verduidelik hoe Ilse die teenoorgestelde konflik deurgaans ervaar. (2)

15.5 Dink jy dit is binne die gebeure van die drama geregverdig dat Ilse Japan toe wil gaan? Motiveer jou antwoord. Dink jy dit is goed vir haar om Japan te gaan beleef? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

**[12]**

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| ENGELA: | *(Skype)* Gee haar tyd om die gedagte te verwerk. Jy's al wat sy het. Gee kans. |
| ILSE: | *(Skype)* Wel, ek hou nie my asem op nie ... |
| | *Ilse klap haar skootrekenaar toe, trek haar kimono aan en help haar ma tafel dek*. |
| MA: | *(aan Ilse)* Ilse, dis okay met my. Jy kan maar gaan. |
| ILSE: | Wat? |
| MA: | Dit sal vir my baie swaar wees, ek sal jou elke dag mis, maar jy kan Japan toe gaan. Ek kan jou nie, sal jou nooit keer nie. |
| ILSE: | Ek wil nog steeds gaan, Mamma. Ek sal self spaar. |
| MA: | Bring die vorms dan vul ons dit saam in. Ek het iets weggesit vir jou. |
| ILSE: | Dankie, Ma. Maar ek weet nou, my Japan bestaan nie. My Japan is 'n plek vol kersiebloeisels en spoke en lieflike tradisies. Die regte Japan is 'n rampgebied. |
| MA: | Gaan kyk en leer en beleef ... en skryf jou boek. |
| ENGELA: | *(Skype)* Kom kyk en besluit self. Dis 'n vreemde, wonderlike plek. |
| | *Ilse se selfoon lui. Dis Lukas.* |
| LUKAS: | Haai. Dis Lukas. |
| ILSE: | Swot jy? |
| LUKAS: | Nee, ek speel Assasins Creed. |
| ILSE: | My ma het toestemming gegee. Dis official. |
| LUKAS: | Cool! Jy's seker hiperbly! Solank jy terugkom. |
| ILSE: | *(lag)* Eendag sal ek, Lukas. |
| LUKAS: | Ons kan vriende bly op Facebook. |
| ILSE: | Meer as dit, hoop ek. |
| LUKAS: | Penvriende? |
| ILSE: | Skype. |
| LUKAS: | Whoa, nie so haastig nie! Netnou trou jy met 'n Manga-Japannees en waar's ek dan? Wat maak jy nou? |
| | *Ilse trek haar kimono uit.* |
| ILSE: | Ek trek my kimono uit. |
| LUKAS: | Moet ek kom help? Hehe. |
| ILSE: | Ag gaan slaap. |
| LUKAS: | Ek het so 'n idee jy gaan lekker doedoes vanaand. Niks nagmerries en monsters en vroue met twee monde nie. |

*[Uit: My Japan, 2016, bl. 59 en 60]*

15.6 Wie is Engela EN watter rol speel sy in hierdie drama? (2)

15.7 Ilse en haar ma is ronde karakters. Bespreek hierdie stelling breedvoerig. (3)

15.8 Watter rol speel Lukas in die verhouding tussen Ilse en haar ma? (1)

15.9 Reël 16. Gee ’n verklaring vir Ilse se uitlating oor die regte Japan. (2)

15.10 Lees reël 33.

Bespreek beide die denotatiewe EN konnotatiewe betekenis van Ilse se handeling. (2)

15.11 Wat is die Japannese mitologiese naam vir die monster EN die vrou met die twee monde? (Reël 38) (2)

15.12 Waarom, dink jy, sal Ilse nie meer nagmerries oor monsters hê nie? (1)

**[13]**

**TOTAAL VRAAG 15: [25]**

© SACAI KOPIEREG

## *MIS* – REZA DE WET

### INSTRUKSIES

- Beantwoord **EEN** vraag.
- Beantwoord Vraag 16 (opstelvraag) **OF V**raag 17 (kontekstuele vrae).
- Indien jy die **kontekstuele vrae** beantwoord, **MOET** jy die **opstelvraag** uit Afdeling B beantwoord en andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 16: *MIS* – LITERÊRE OPSTEL

Tyd en ruimte in die drama, *Mis*, het 'n invloed op Gabriël, Miem en Meisie. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

**TOTAAL VRAAG 16: [25]**

**OF**

### VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAE

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| MIEM: | *(onheilspellend)* Toe kry hulle Sannie Koen se haarlint in 'n doringboom. *(Wys)* Net buite die dorp. En soos u seker weet, Konstabel, was dit nog elke jaar op dieselfde aand. Die laaste aand in Augustus. |
| GERTIE: | Daarom is ons so dankbaar ... |
| MEISIE: | *(verskyn in die deur)* Ek is klaar, Ma. |
| MIEM: | Goed so, my kind. |
| GERTIE: | Ek was besig om te sê dat ons so dankbaar is om u vanaand by ons te hê. *(Loop versigtig met 'n oorvol koppie koffie na die KONSTABEL)* |
| KONSTABEL: | Ek is bly ek kan van diens wees. |
| MIEM: | En maak toe die deur, Meisie! |
| GERTIE: | Hier, Konstabel. Ek is jammer ... Ek het 'n bietjie gestort in die piering. |
| | *MEISIE maak die deur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.* |
| KONSTABEL: | Alles reg, Juffrou. *(Maak sy keel skoon)* Ek hoop nie u neem aanstoot nie, maar dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite. |
| MIEM: | Hoe so, Konstabel? |
| KONSTABEL: | AL hierdie feite is tog ooglopend. Maar daar is |

| | |
|---|---|
| | ander gegewens ... wat u miskien misgekyk het. |
| GERTIE: | En wat sou dit wees, Konstabel? |
| KONSTABEL: | *(kil)* Ek het al te veel gesê. Kom ons laat dit daar. *(Klap sy hande saam)* Nou wel, as u dan die saak oopgevlek het, is dit seker waarom ek hier is. Miskien koester die persoon ... of persone ... |
| GERTIE: | Ag nee, Konstabel! Is daar dan meer as een? |
| KONSTABEL: | ’n Mens weet nooit. Enigiets is moontlik. |
| MIEM: | Ja, dit is waar. *(Aan MEISIE)* Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar. |
| MEISIE: | Ja, Ma. |

17.1 Kies die korrekte antwoord:

Hierdie teks vorm deel van die ...

A. klimaks
B. motoriese moment
C. afloop
D. eksposisie (1)

17.2 Noem die stemming wat deur die verwysing na Sannie Koen geskep word EN noem EEN ooreenkoms tussen Sannie en Meisie. (2)

17.3 “En soos u seker weet, Konstabel…” (Reël 2 en 3)

Bespreek die ironie wat in Miem se woorde opgesluit lê. (1)

17.4 “oorvol koppie koffie” (Reël 9 en 10)

Watter karaktereienskap van Gertie word hierdeur uitgebeeld EN hoe sluit die titel “Mis” by Gertie aan? (2)

17.5 In reël 15 word na die sirkusmusiek verwys.

Bespreek kortliks die sirkusmusiek as herhalende motief en gesuggereerde buiteruimte. (3)

17.6 Noem die funksie van die ellips in reël 22. (1)

17.7 Wat impliseer Konstabel in reël 24 tot 27 oor “die saak”? Tot watter moontlike gevolgtrekking kom hy EN waarom dink jy verander sy stemtoon na “kil”? (3)

17.8 Herlees Miem se laaste spreekbeurt. Hoe word Miem hierdeur gekarakteriseer EN wat is die verhouding tussen ma en dogter? (2)

**[15]**

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| MEISIE: | Maar dis al 'n bietjie klein. *(Kyk op, skrik)* Maar waar is die konstabel dan? |
| KONSTABEL: | Dit is ek. Ken jy my nie? |
| MEISIE: | Maar jy lyk so ... anders. |
| KONSTABEL: | Dié tyd van die nag lyk ek altyd so. |
| MEISIE: | Altyd? |
| KONSTABEL: | Ja. *(Glimlag)* Altyd. *(Haal sy bril stadig af en kyk na haar)* |
| MEISIE: | En ... jy kan sien! |
| KONSTABEL: | Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien. |
| MEISIE: | Regtig? |
| KONSTABEL: | Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi. |
| MEISIE: | *(verwonderd)* Is ek? |
| KONSTABEL: | Jy is. |
| MEISIE: | *(verleë)* Jy het mos gesê sonder skoene. |
| KONSTABEL: | Ja (*Trek die gordyn opsy)* Dis net reg so. *(Maak die venster oop)* |
| | *Sirkusmusiek word gehoor.* |
| MEISIE: | Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief. |
| KONSTABEL: | Net vir 'n rukkie. Daar trek so 'n soet luggie. *(Glim-lag)* |
| MEISIE: | *(druk haar hande oor haar ore)* Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie. |
| | *Die KONSTABEL maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.* |

17.9 Bespreek Meisie se omstandighede wat aanleiding gee tot haar begeerte om Konstabel te glo EN waarom sy haarself in hierdie omstandighede bevind. (2)

17.10 Waarom sê Meisie dat Konstabel anders lyk? (1)

17.11 Noem die gespeelde tyd soos gevind in reël 5 EN bespreek hoe dit by die sprokieselement van die drama aansluit. (2)

17.12 Noem EEN woord wat dui op Meisie se siening van Konstabel. (1)

17.13 Bespreek Konstabel se rol as bevryder ten opsigte van Meisie. (2)

17.14 Dink jy dat Meisie waarlik bevry word of is sy ’n hulpelose slagoffer? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

**TOTAAL VRAAG 17: [25]**

**TOTAAL AFDELING C: [25]**

**GROOTTOTAAL: [80]**